

Wagte op die mure

KwaSizabantu Predikantekonferensie

Privaatsak 252 KwaSizabantu 3285 RSA Tel: (032) 481-5500 Faks: (032) 481-5510
www.kwasizabantu.com ministersconference@kwasizabantu.com

Uitnodiging na Predikantekonferensie 7 – 9 Maart 2005

"MEER AS OORWINNAARS"

"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet."

(Romeine 8:37)

Liewe Vriende in die Here

Ons volgende Predikantekonferensie in Suid-Afrika word beplan vir D.V. **7 – 9 Maart 2005**, vanaf Maandagaand tot Woensdagaand. Ons moedig u aan om hierdie uitnodiging biddend te oorweeg – vir uself, u gade en enige kollegas in die Here se diens. Die doel van die Konferensie is om dienaars van die Here te verfris en voor te berei om in oorwinning voort te gaan om die Groot Opdrag uit te voer.

As u in enige vorm van Christelike bediening betrokke is, is die 2005 KwaSizabantu Predikantekonferensie vir u! 'n Klompie uitgesoekte sprekers, Godsmanne van integriteit, is genooi om die byeenkomste toe te spreek.

SPREKERS:

'n Paar van die sprekers wat die uitnodiging reeds aanvaar het, is:

Dr Francois **CARR**	Herlewingskongresse Suid-Afrika
Dr Hack Bong **CHUNG**	President, 'Seoul Disciple Training Institute', Korea
Eerw Ndaba **MAZABANE**	Voorsitter, `World Evangelical Alliance'; betrokke by Fokus op die Familie, Suid-Afrika; President, `Assocation of Evangelicals in Africa'

Canon H.N. **MBATHA**	Aartsdeken, Anglikaanse Kerk
Eerw Ernest **MCAMBI**	Bekende Christelike radio-prediker by Trans-Wêreld Radio; Predikant van Umlazi Baptiste Kerk

Meer besonderhede en bevestiging van ander sprekers sal mettertyd beskikbaar word en sal op ons webblad verkrygbaar wees. ***Indien u die eerste wil wees om nuwe inligting oor hierdie 2005-Konferensie en ander konferensies in die toekoms te ontvang, stuur 'n leë e-pos aan ons by ksbmins-list-subscribe@kwasizabantu.com*** .

Laat ons asseblief so gou moontlik weet of u kan kom deur die posvrye RSVP-kaartjie aan ons terug te pos, of anders per telefoon, faks of e-pos (sien kontakbesonderhede op die briefhoof). Meld die name van almal wat wil kom, en spesifiseer mans, vrouens en egpare. **'n Aanlynregistrasie-opsie is ook op ons webblad geskep by www.kwasizabantu.com** . Navrae kan gedoen word by ons e-posadres: ministersconference@kwasizabantu.com .

Verblyf en voedsel sal voorsien word. Ons wil net vra dat u indien moontlik u eie beddegoed saambring. Ons sal graag behulpsaam wees met vervoer vanaf die Durbanse lughawe/stasie/bushalte. Laat gerus weet wanneer en waar ons u kan afhaal.

Ons sien daarna uit om van u te hoor.

In Sy diens

Erlo Stegen